


AFRONDING

Ons gaan nou kyk hoe benader ons getalle tot die naaste tien.

Byvoorbeeld:

Benader 138 tot die naaste 10.

Bepaal eers tussen watter twee tiene 138 lê. Dis reg, tussen 130 en 140. Kom ons teken dit op 'n getallelyn:



Jy kan nou dadelik sien dat 138 nader aan 140 lê as aan 130, daarom gaan die benaderde (afgeronde) antwoord 140 wees.

Kom ons kyk hoe ons dit ook kan doen sonder 'n getallelyn.

Ons wil afrond tot die naaste tien, so omkring die tiene, dit is die 3

1 ③ 8

Kyk nou na die getalletjie regs van die 3.

As hierdie getal na die 3 'n **5, 6, 7, 8 of 9** is, word die getal in die tiene-kolom een meer en die ene word 0

$$\therefore 138 \approx 140$$

Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld:

Benader 264 tot die naaste **tien**.

Omkring die **tiene**: 2 ⑥ 4

Kyk nou na die getalletjie regs van die 6.

As die getal na die 6 'n **1 ; 2 ; 3 of 4** is, bly die getal in die tiene-kolom dieselfde en die ene word nul

$$\therefore 264 \approx 260$$

Aktiwiteit

Benader tot die naaste tien:

- | | | | |
|----------|----------|----------|----------|
| a) 254 | b) 867 | c) 365 | d) 413 |
| e) 926 | f) 415 | g) 698 | h) 392 |
| i) 1 825 | j) 2 714 | k) 8 345 | l) 999 |
| m) 2 956 | n) 4 996 | o) 5 021 | p) 7 102 |

Ons gaan op dieselfde manier tot die naaste **HONDERD** of **DUISEND** benader:

Kom ons doen gou 'n paar voorbeelde saam:

Benader 683 tot die naaste **Honderd**:

Omkring die **Honderde**: **6** 8 3

Kyk nou na die getalletjie **regs van** die 6.

As die getal na die 6 'n **5; 6; 7; 8 of 9** is, word die getal in die honderde-kolom een meer en die tiene en ene word nul. $\therefore 683 \approx 700$

Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld:

Benader 3 497 tot die naaste **DUISEND**:

Omkring die **duisende**: **3** 4 9 7

Kyk nou na die getalletjie **regs van** die 3.

As die getal na die 3 'n **1; 2; 3 of 4** is, bly die getal in die duisende-kolom dieselfde en alle getalle na regs word nul.

$$\therefore 3\,497 \approx 3\,000$$

Aktiwiteit

1) Benader tot die naaste Honderd:

- | | | | |
|--------|--------|--------|--------|
| a) 254 | b) 847 | c) 365 | d) 433 |
| e) 926 | f) 415 | g) 698 | h) 382 |

2) Rond af tot die naaste Duisend:

- | | | | |
|----------|----------|----------|----------|
| a) 1 825 | b) 2 714 | c) 8 345 | d) 999 |
| e) 2 956 | f) 4 986 | g) 5 021 | h) 7 102 |

3) Benader elke getal tot die naaste tien en ook tot die naaste Honderd:

Getal	Tot die naaste Tien	Tot die naaste honderd
695		
8 127		
9 954		
428		
3 756		